
# Bettie

# en

# Jannie




# **Jannie**



Jan en Marie bly op 'n plaas.

Jan is Piet se broer.



Jan en Marie het 'n kind.


Die kind se naam is Jannie.

Jan en Marie en Jannie

bly op die plaas.

Piet en Sarie en Bettie gaan dikwels plaas

toe om by hulle te kuier.



# Plaas toe



Piet en Sarie en Bettie gaan plaas toe.

Almal is bly om weer bymekaar te wees.

Hulle sit op die stoep en gesels.

Marie maak tee.

Hulle drink saam tee

en gesels lekker.




Jannie en Bettie speel lekker saam.

Hulle speel op die gras voor die deur.

Marie se tuin is mooi.


Die gras is groen

en die blomme is pragtig.




Piet en Jan het klaar tee gedrink.

"Kom, Piet," sê Jan.



"Kom ons gaan veld toe.

Alles lyk mooi na die reën."




Piet en Jan gaan veld toe.

Sarie en Marie bly by die huis.

Hulle drink tee en gesels lekker.

Bettie en Jannie speel mooi saam.

# **Oop en toe** 4



Sarie en Marie is

besig in die huis.


Bettie en Jannie

speel voor die deur.

Hulle speel lekker saam.

Daar is 'n draad om die tuin.

Die tuin se hek is toe.



Die hek moet toe bly.

Jannie weet dit.


Hy weet hy en Bettie moet in die tuin bly.

Hy weet hy moenie die hek oopmaak nie.

As die hek oop is, kom die bokke in.

Die bokke sal die

blomme eet.



Die hek moet toe bly,

maar Jannie wil dit oopmaak.


Hy wil vir Bettie wys.

Hy maak die hek oop.


Bettie weet die hek moet toe bly.

Sy maak dit toe.

Jannie maak dit weer oop.



Bettie maak dit weer toe.




Bettie en Jannie lag.

Oop en toe, oop en toe.

Die kinders speel lekker saam.

**Stoute kinders!** 




Sarie en Marie

is besig in die

kombuis.

Hulle maak kos.

Die kinders speel daar buite.



"Die kos is reg," sê Marie.

"Sarie, sal jy die kinders gou gaan roep?"

Sarie kyk, maar Bettie en Jannie is nie

meer daar voor die deur nie.

Sy roep, "Jannie! Bettie!", maar hulle


kom nie.

Waar kan hulle wees?

"Jannie! Bettie! Waar is julle?"

Die hek staan oop.

Die kinders is weg.



Sarie gaan soek.

Sy roep en roep.


Sy kan die kinders nie kry nie.

Waar is hulle?

Op die ou end kry sy hulle

daar ver, anderkant die kraal.

Hulle sit en speel.



By die kraal is die grond nat na die reën.

Bettie en Jannie sit op die grond en speel

in die modder.


Die modder is lekker sag.

Die kinders lag van lekker kry.

“Stoute kinders!” sê Sarie.

“Kom gou huis toe!”

Die kinders staan op.



Hulle is vol modder!

Bettie se mooi rok is vol modder.

Jannie se hemp en broek ook.

“Stoute kinders!” sê Sarie weer.

“Kyk hoe lyk julle!”

Hulle gaan huis toe.

Marie lag toe sy vir die kinders sien.

Sy weet hoe lekker is dit om in die modder te speel!

# **Die Hansies** 9

"Bettie," sê Marie,

"weet jy wat is 'n hansie?"

Bettie skud haar kop.


Marie lag.

"Jy moet kom kyk," sê sy.

"Ons het drie hansies.

Twee bokkies

en 'n lam.



Hulle het nie 'n ma nie.

Hulle drink melk uit 'n bottel."


Bettie is bly.

Sy wil graag die hansies sien.

Marie maak drie bottels vol melk.

Sy gee vir Bettie en

Jannie elkeen 'n bottel.



"Kom, ons gaan die hansies nou voer,"

sê Marie. "Hulle bly in 'n hok hier

agter die huis."

Bettie sien die drie klein hansies.

Sy sien die twee bokkies en 'n lam.

Hulle is baie klein en baie mooi.


Die hansies sien vir Bettie en Jannie.

Hulle hardloop na die draad toe,

en blêr, "Mê, mê, mê."

Bettie lag.

Die hansies is te oulik.



Marie maak die hek oop.


"Hou vas jou bottel, Bettie," sê sy.

"Die lam gaan kom suig."

Bettie voel baie opgewonde.

Sy hou die bottel vas.

Die lam kom.




Hy kom suig.

Hy drink en drink.

Die bottel skud.

Bettie moet vas hou.

Die lam drink en drink.



Die melk is klaar.

Die bottel is leeg.

Die lam soek nog.

"Mê, mê," blêr hy.

Jannie se bokkie soek ook nog melk.

"Mê, mê, mê," blêr die hansies almal.

Bettie steek haar hand uit.

Haar lam kom.



Die lam suig

haar vinger.

Bettie lag.

Hy is te oulik.

Sy voel baie bly en baie lief vir hom.